8

Die kerk is een liggaam met verskillende liggaamsdele

Diversiteit en spiritualiteit

ONS DOELWIT

Die jongmense moet begelei word om die beginsels van eenheid en verskeidenheid in die gemeente te ervaar.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet verstaan –

- dat die dinamiek van gemeentewees in die Bybel met beelde uitgedruk word;
- dat die aard van die gemeente met 'n liggaam vergelyk word;
- wat *eenheid* te midde van *verskeidenheid* behels;
- dat hul gemeente 'n band het met ander Christelike denominasies landwyd en wêreldwyd;
- hoe hulle persoonlik deel vorm van die liggaam van Christus;
- dat diversiteit binne die gemeente omvangryk kan wees;
- wat *spiritualiteit* is en dat daar in een gemeente verskillende spiritualiteite kan bestaan; en
- dat diversiteit 'n aanwins vir die gemeente is.

Gesindheid

Die jongmense moet –

- die begeerte ontwikkel om eenheid en verskeidenheid in die gemeente te verstaan en te waardeer; en
- dankbaar wees dat hulle hulself met hul eie spiritualiteit in die gemeente kan uitleef.

Vaardigheid

Die jongmense moet –

- begelei word om hul eie spiritualiteit te ontdek en uit te leef;

- in staat wees om as deel van ’n span hul eie gawes in die gemeente uit te leef; en
- blootgestel word aan ’n bestaande projek waar verskillende kerkverbande saamwerk om een doelwit te bereik.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Die woord *kerk* beteken meer as net die gebou waarin Christene op Sondae byeenkom om te aanbid. *Christen wees* is ook meer as om net as ’n groep mense bymekaar te kom. Dit gaan oor ’n verhouding. Mense versamel hulself in gemeentes van ’n bepaalde kerk of denominasie. So kry ons byvoorbeeld onder Afrikaanse mense gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Hervormde Kerk), die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), en die Gereformeerde Kerke. Hierdie drie Kerke word die *susterkerke* genoem. Die rede hiervoor is dat die Kerke, hoewel hulle verskillende name het, presies dieselfde bely. Daar is ook nog talle ander kerke, waar daar wel verskille in belydenis bestaan.

Alle kerke het sekere gebruike wat eie aan hulself is. Aan sekere dinge word ’n kerk geken. Gemeentes van dieselfde kerk het ook sekere gebruike, tradisies en gewoontes wat eie aan hul spesifieke gemeente is.

’n Paar dekades gelede sou ’n mens baie min verskille tussen verskillende gemeentes van dieselfde kerk gekry het. Omdat almal gemeentes van, sê nou maar, die Hervormde Kerk was, het hulle ook almal presies dieselfde gebruike gehad. Almal het op presies dieselfde manier eredienste gehou. Presies dieselfde liedere is in alle gemeentes gesing.

Oor die afgelope jare het dinge egter begin verander. Gemeentes van dieselfde kerk lyk nou verskillend. Ons kan praat van gebruike van ’n bepaalde gemeente, of ook van ’n kenmerkende spiritualiteit binne ’n bepaalde gemeente. Dit verwys na die manier van doen, erediens hou, dit wat eie aan die spesifieke gemeente is en wat vir hulle kosbaar en belangrik is. Al meer gemeentes het ook ’n eie missie en visie. Hoewel die visie (droom) van die kerk in die geheel dieselfde is, het verskillende gemeentes in ons tyd eie uitgangspunte. Baie gemeentes het ook ’n eie leuse.

Sommige gemeentes verkies om *tradisioneel* te wees. Hiermee bedoel ons dat hulle daarvan hou dat ’n vaste patroon in elke erediens gevolg word, dat sommige liedere vir hulle aanvaarbaar is, en hulle het ook ’n duidelike standpunt oor die musiekbegeleiding. Ander gemeentes is meer vry en eiesoortig. Hulle verkies om op ’n nie-tradisionele manier te aanbid op Sondae, en ook wat hul aktiwiteite die res van die week aanbetref. Dit is ook so dat daar binne een bepaalde gemeente verskillende voorkeure kan bestaan. Omdat mense verskillend is, het hulle ook verskillende smake en voorkeure. Hulle sal daarom steeds baie lief vir die kerk en die gemeente wees, maar in hul aanbidding sou hulle ’n ander manier verkies. Die verstaan van verskillende spiritualiteitstipes help ons om te verstaan dat mense nie net verskillend dink nie, maar ook hul geloof op verskillende maniere wil uitleef. Aan die einde van verlede jaar het die kinders meer geleer van hierdie voorkeure in spiritualiteit.

Die Bybel help ons om te verstaan dat daar ruimte binne ’n gemeente is vir elkeen van hierdie voorkeure. Die gemeente in Korinte was ’n sprekende voorbeeld hiervan. Daar was mense met verskillende gawes, en elkeen het hul Christenskap dienooreenkomstig uitgeleef. Aan alles is daar egter perke. Wanneer Paulus aan die gemeente in Korinte skryf, is hy baie teleurgesteld

en selfs ontnugter. Dinge wat nie strook met die eise van die Bybel nie, byvoorbeeld hoogmoed en wangedrag, is nooit toelaatbaar nie. Wanneer 'n mens die brief lees, kom jy agter dat hy baie ferm met die lidmate praat. Die kenmerke waaraan die ware kerk moet voldoen, is steeds ononderhandelbaar en word uit die Bybel afgelei.

Wat belangrik is, is dat ons moet besef dat elkeen 'n rol het om te speel, na gelang van die gawes wat elkeen ontvang het. Hoe die kerk behoort te funkioneer, is soos 'n liggaam. Soos 'n liggaam verskillende dele of ledemate het – kop, arms, tone, ensovoorts – so het die kerk ook baie dele of lidmate. 'n Liggaam moet lewend wees, asemhaal, funksioneer. Daarom behoort elke lidmaat se gawes tot voordeel van die gemeente aangewend te word.

Dit is belangrik om met hierdie liggaamsbeeld te verstaan dat dit nooit draai om die belang van elke liggaamsdeel op sigself nie. Die een liggaamsdeel is afhanklik van die ander liggaamsdeel, en saam is hulle in diens van die hele liggaam. So is gemeentelede ook afhanklik van mekaar, maar almal is saam in diens van die gemeente, die liggaam van Christus. Christus is steeds die middelpunt van die gemeente, sy liggaam. Alles wat gemeentelede doen, moet in belang van Christus wees. Dit is wanneer lidmate hul eie belang soek, en tot elke prys hul eie standpunt wil laat geld, dat dinge binne 'n gemeente kan skeefloop.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- 'n Bybel.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

KOM ONS BEGIN

Lees Gesang 478: 1 en 2 voor en open met gebed.

Op vaste fondamente het God sy kerk gebou.
Apostels en profete het ons dít toevertrou:
Die Koning van die hemel herskep deur Woord en Gees
verlorenes op aarde dat hul sy volk kan wees.

Hy roep uit alle volke 'n volk vir Hom tesaam –
één in geloof en werke, één in sy heil'ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil'ge doop
om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Laat elkeen om die beurt lees wat hy of sy in die 12 blokke hieronder geskryf het oor hoe hulle daagliks of weekliks op die verskillende terreine dissipels van Jesus kan wees.

	By die skool	By die huis/in die gesin	Tussen vriende/ familie
Getuig (vertel) wat jy van Jesus Christus weet			
Deur verkeerde oortuigings en gedrag te konfronteer			
Deur 'n voorbeeld te wees van iemand wat in alles die Christelike weg kies			
Deur altyd na 'n geleentheid te soek om in liefde op te tree – deur te gee, te dien, te help, en jouself tweede te stel			

- Kontroleer of hulle saam met hul ouers hul bedieningsplanne vir die Alfa-gemeente gaan afrond het.
- Kontroleer of hulle by www.nhka.org na meer inligting gesoek het.
- Herhaal die volgende en beklemtoon dit weer:

Ons het ook die groot opdrag ontvang om te gaan,
om mense dissipels van Jesus te maak,
om hulle te laat doop,
om hulle te leer
en om hulle te laat onthou
wat Jesus belowe het.

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

Werk in groepe en laat hulle die volgende vrae bespreek en antwoorde gee:

- Het jou liggaamsdele elkeen 'n ander funksie? Noem die fuksies. (*Jou brein moet dink, jou oë moet kyk, jou hart moet bloed pomp, jou voete moet loop, ensovoorts.)*
- Kan jou brein loop, jou oë dink, jou hart kyk, ensovoorts? *(Nee, elkeen het net sy eie funksie.)*
- Wat gaan met die voete gebeur as die oë nie vir hulle wil kyk waar om te loop nie, en met die oë as die hart weier om bloed aan hulle te voorsien, en met die hele liggaam as die hart

nie wil funksioneer nie? *(Die voete gaan verdwaal en hulself flenters stamp, die oë gaan uitdroog en nie meer kan sien nie, die liggaam gaan tot niet gaan en sterf.)*
- Watter afleiding kan jy hieruit maak? *(Al die liggaamsdele het mekaar nodig, en almal moet in belang van die hele liggaam optree.)*

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die volgende om die jongmense met die inhoud vertroud te maak.

- 'n Gemeente en die werksaamhede daarvan kan met 'n mens se liggaam vergelyk word.
- Christene wat dieselfde sake bely, vorm 'n eenheid, maar binne hierdie eenheid is daar ook sekere verskille. Ons noem dit diversiteit.
- Kerke wat *dieselfde* sake bely, is byvoorbeeld die Hervormde Kerk, die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke, maar wat hul gebruike en gewoontes betref, is daar ook baie *verskille*.
- Sekere kerke het bande met ander Christelike kerke in ons land, maar ook wêreldwyd.
- Binne elke kerk is daar gemeentes wat in sekere opsigte dieselfde is, maar in ander opsigte verskil van mekaar.
- In 'n gemeente is daar individue, en elkeen van ons maak deel uit van die liggaam van Christus.
- Individue is verskillend – hulle dink nie dieselfde nie en doen nie dieselfde nie.
- Soms is die verskille of diversiteit klein en gering, maar dit kan ook baie groot wees.
- Verskillende individue het na gelang van hul persoonlikhede bepaalde voorkeure wat aanbidding betref.
- Die jongmense moet verstaan dat elkeen van hulle deel van hul gemeente is en dat daar vir elkeen ruimte is om hul geloof en roeping uit te leef.
- Hulle mag net nooit hul eie belange stel bo die belange van die gemeente (die liggaam van Christus) nie.
- Dinge wat nie strook met die eise van die Bybel nie, byvoorbeeld hoogmoed en wangedrag, is nooit in belang van die gemeente nie.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

- Lei hulle saam as groep in 'n dinkskrum na die antwoorde op die volgende vrae.
- Laat hulle dit in hul boeke invul en as groep saam die antwoorde op die woordkaart omkring.
  - Waarmee kan die werksaamhede van 'n gemeente vergelyk word? *('n Liggaam.)*
  - Wat maak dat sekere kerke 'n eenheid vorm? *(Hul belydenis.)*
  - Noem drie sulke kerke wat 'n eenheid vorm. *(Hervormde Kerk; NG Kerk; Gereformeerde Kerk.)*
  - Waarin bestaan die verskille tussen die drie Kerke? *(Gewoontes en gebruike.)*
  - Binne elke kerk is daar gemeentes wat in sekere opsigte dieselfde is, maar in ander opsigte ..... van mekaar. *(verskil)*
  - Wat veroorsaak dat individue verskillend is van mekaar? Hulle ..... nie dieselfde nie en ..... nie dieselfde nie. *(dink ... doen)*
  - Soms is die verskille of diversiteit klein en gering, maar dit kan ook baie ..... wees. *(groot)*
  - Ek is deel van ons hele gemeente, maar ek mag verskil van ander lidmate en my geloof en roeping ..... as hulle uitleef. *(anders)*

- Dinge wat nie strook met die eise van die Bybel nie, byvoorbeeld ..... en ....., is nooit in belang van die gemeente nie. (hoogmoed ... wangedrag)

Q	W	E	R	T	Y	U	I	O	P	A	S	E	D	F	G
W	K	L	Z	X	C	V	B	N	M	L	D	A	B	C	H
E	Z	X	C	V	B	N	M	Q	W	M	M	K	N	L	J
R	T	E	Y	R	T	U	I	O	R	D	S	F	G	H	K
T	Y	F	G	E	R	E	F	O	R	M	E	E	R	D	E
Y	P	G	R	T	S	F	V	I	O	P	A	S	D	O	L
U	S	H	O	R	B	R	Q	W	E	R	T	Y	U	E	Z
I	A	I	O	G	E	W	O	O	N	T	E	S	G	N	X
O	D	J	T	H	L	H	J	K	G	L	Z	X	C	V	C
P	F	K	P	Q	Y	U	I	O	P	A	S	D	F	G	V
A	G	L	R	F	D	I	N	K	L	W	E	R	T	Y	B
S	H	M	S	G	E	B	R	U	I	K	E	A	S	D	N
D	J	N	T	G	N	H	O	O	G	M	O	E	D	K	M
F	K	O	R	N	I	W	A	N	G	E	D	R	A	G	Q
G	L	V	E	R	S	K	I	L	A	G	H	J	K	L	W
H	Z	X	C	V	B	N	M	Q	A	N	D	E	R	S	R
J	W	E	R	T	Y	U	I	O	M	P	S	A	D	F	T
Q	W	E	R	T	Y	U	I	O	P	A	S	D	F	G	J
P	A	S	D	F	G	H	J	K	L	Z	X	C	V	B	U
A	S	D	F	G	H	J	K	L	Z	X	C	V	P	O	I

- Laat hulle die konsekwensies vir hulself as lidmate van hul gemeente bespreek.

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

- Lees 1 Korintiërs 12: 4-7, 12-20 en 27-31 hardop terwyl almal dit in hul eie Bybels volg. (Lees slegs die aangeduide verse, want daar is te veel ander teologiese kwessies in die res van die hoofstuk wat hulle kan verwar.)
- Doen almal saam die volgende Bybelstudie deur gesamentlik die antwoorde te soek en te bespreek.

- **Verse 4-7**

    - Het almal in die gemeente dieselfde gawes of talente ontvang? *(Nee, daar is 'n verskeidenheid van gawes en talente.)*
    - Wat sê dit vir jou van wat elke lidmaat in die gemeente moet doen en hoe dit gedoen moet word? *(Verskillende lidmate het verskillende dinge te doen, en doen dit ook op verskillende maniere.)*
    - As lidmate dan verskillende take het, en as lidmate alles nie altyd op dieselfde manier doen nie, beteken dit dat daar dan verdeeldheid in die gemeente mag wees? *(Nee. Al word dinge op verskillende maniere gedoen, is daar een gemeenskaplike doel, en dit is om die Here te dien. Alles is in belang van die gemeente.)*

- **Verse 12-20**

    - Waarmee word die gemeente hier vergelyk? *(Met 'n liggaam.)*
    - Wat kan jy sê oor samewerking tussen verskillende liggaamsdele (lidmate)? *(Verskillende antwoorde is moontlik. Die saak waaroor dit gaan, is dat daar verskillende lidmate met verskillende gawes is, maar dat almal saamwerk in belang van die gemeente en in belang van mekaar. Almal moet saamwerk in belang van die liggaam, die gemeente. Almal is afhanklik van mekaar. Elkeen doen sy werk op 'n ander manier. Die een is nie beter as die ander een nie. Ensovoorts.)*

- **Verse 27-31**

    - Noem soveel take moontlik wat God aan verskillende lidmate gegee het. *(Apostels, profete, leraars, dié wat wonderdade doen, mense wat ander gesond maak, mense wat hulp verleen, mense wat leiding gee, ensovoorts.)*
    - Kan jy hieruit aflei dat almal in die gemeente dieselfde dinge op dieselfde manier moet doen? *(Nee, elkeen het afsonderlik 'n eie taak gekry wat op 'n eiesoortige manier gedoen word.)*
    - Wat sou jy sê is die *beste genadegawe* waarna vers 31 verwys as jy dit saamlees met hoofstuk 13: 1, en wat is jou gevolgtrekking daaruit? *(Die beste genadegawe is liefde, en alles in die gemeente moet uit liefde gedoen word, al verskil ons van mekaar.)*

- Watter gevolgtrekking maak jy uit hierdie Bybelstudie oor diversiteit (verskeidenheid) in 'n gemeente? *(Verskillende lidmate het verskillende talente en geaardhede en doen verskillende dinge op verskillende maniere.)*

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle met hul ouers gaan gesels en neerskryf wat alles in 'n gemeente behoort te gebeur of gedoen moet word.
- Laat hulle gaan neerskryf –
    - wat alles in hul gemeente goed gedoen word;
    - wat in hul gemeente opgeknap moet word; en
    - wat hulle persoonlik gaan doen om verbetering te bring.

- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk of daar ander interessante inligting oor hierdie tema is.

HULLE KRY HULSELF PARAAT

- Laat hulle 1 Korintiërs 13 gaan deurlees.
- Laat hulle die versie kies wat vir hulle die mooiste is en dit uit die kop uit leer.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.